

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 9, NO 5, September 2003

REDAKSIONEEL

'n Boodskappie vir my

'n Besondere manier van Skrifhantering kom dikwels in gereformeerde kringe voor. Dit kom daarop neer dat die Bybel net gebruik word as 'n bron van aangename lewenslesse vir myself. Tekste en teksgedeeltes word in isolasie gebruik. Daar word nie rekening gehou met die kontekste waarbinne dit staan nie. Dikwels het dit dan die uitwerking dat die Bybel niks méér is as 'n boek met gedragsreëls nie - 'n boodskappie vir my met 'n teksie daarby. Hierdie manier van Skrifhantering is alreeds in die vroeë kerkgeskiedenis vasgepen as biblisme - 'n denkskool wat sterk in die doperse en ook die charismatiese godsdiens voorkom. Die Bybel word 'n blote register van tekste wat soos 'n doktersvoorskrif vir allerlei toepaslike geloofsbehoefes of geloofsworstelings aangewend kan word. Slegs een teks oor een of ander saak word net daar en dan tot 'n misterieuse towerformule opgehef. As ek dit vir myself toe-eien, is my probleme op 'n einde.

Hierdie praktyk kom veel meer gesofistikeerd in die teologie na vore. 'n Minderwaardige hantering van die Bybel wat daarvan uitgaan dat ons 'n lewens-etiek op grond van enkele tekste of voorbeelde uit die Bybel kan beskryf. 'n Saak word afgeskiet omdat daar geen voorbeelde daarvoor in die Bybel te vinde is nie. Eweneens word 'n saak tot geloofsreël verklaar as daar maar net een goeie voorbeeld in die Bybel voorkom. Op hierdie manier kan allerlei sake soos die aanbidding van die drie-enige God, die kinderdoop en die deelname van vroue aan die nagmaal, in gedrang kom. Die sake word verwerp omdat die Bybel dit nêrens in 'n teks voorskryf nie. Andersyds word sake aangegryp omdat 'n teks daarvoor in die Bybel staan. Dit word dikwels met klank-eksegese vertolk, byvoorbeeld die eksklusiewe volwasse doop van belydende gelowiges, die speel van dromme en harpe (kitare) in eredienste, die gebedshouding om die hande na bo op te hef, die instel van 'n diakenamp vir vroue, ensovoorts, ensovoorts.

Die gebruik van die woorde genadeverbond en voorsienigheid, of 'n onderskeiding tussen die organisme en die instituut van die kerk, word verwerp omdat die woorde nie in die Bybel voorkom nie. Dogmatiek, die sistematiese beskrywing van leerstukke in die Bybel, het

geen plek meer nie. Die Bybel word nie meer soos één boek van die Heilige Gees ontvang nie, maar soos 'n fragmentebundel met afsonderlike en (dikwels) teenstrydige boodskappe van begaafde mense.

Dié benadering is sekerlik een van die gerieflikste verskonings om, met die skyn van Skrifgehoorsaamheid, 'n stuk pure humanisme te beoefen. Juis aan hierdie oortreding staan verskeie teologieë uit die verlede en in die hede skuldig: die wit teologie met sy radikale uitlopers in die Brits-Israel visie, die swart teologie of bevrydingsteologie, die feministiese teologie en allerlei ander vorme van kontekstuele teologieë. Die wil om die mens se eie aspirasies met die Skrif te versoen word só sterk dat die Skrif dit uiteindelik self moet ontgeld. Enkele tekste wat die mens se aspirasies vermoedelik steun, word (soos dit by die sektes gebruikelik is) vir dié doeleindes uitgesonder terwyl die res van die leer van die Bybel gerieflikheidshalwe geignoreer word.

Die Bybel word gereduseer tot 'n goeie boodskappie van vredevolle naasteliefde, oorbuigende verdraagsaamheid, 'n soeke na eenheid en vrede met alle mense en alle godsdienste. Alles op die tema van filantropie - mensliewendheid. 'n Eiesoortige sielkunde of politieke handboek - 'n baie ou een! 'n Resepteboek met toepaslike gedrag onder relevante omstandighede. Die "boodskappie-vir-my-mense" waarsku: die Bybel is in historiese kontekste geskryf en moet dus opnuut in nuwe kontekste toegepas word. Gesien die kontekste wat tussen ons en die Bybel staan, sal óns bepaal wanneer sekere omstandighede relevant is en watter gedrag toepaslik is. Trouens, daar kan omstandighede wees wat só van ons s'n verskil dat die voorgeskrewe gedrag vandag glad nie meer vir ons geld nie.

Hierdie benadering veroorsaak dat 'n Skrifgedeelte, tesame met sy regstreekse konteks, nie meer binne die openbaringslyne van die hele Skrif gesien word nie. God se koninkryk is 'n voorbeeld hiervan. Dit word in belofte en vervulling op verskillende wyses, in en deur sy kerkvergaderende werk,

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 Redaksioneel
'n Boodskappie vir my
- 2 Skrifoordenking
Gelowige besinning
Ds GJ Meijer
- 4 Aktueel
Het God kerklos geraak?
Ds ALA Buys
- 6 Op die kerkerf
Eenheid in verskeidenheid
in die ampsdiens (1)
Ds JR Visser
- 7 Reformasie in die
prediking (3)
Prof VE d'Assonville
- 9 Rekenaar
Sinode 2003 en stad
Internet
Dr AH Bogaards
- 9 Medies
Die tiende gebod en
geneeskunde
Prof JM Boon
- 11 Persskou
 - 'Skole' van denke
in GKSA
 - Van Wyk en Verhoef

deur alle eeue verkondig. Dit realiseer met die koms van Christus en word met sy wederkoms tot voltooiing gebring. Die koninkryk van God kan nie aan individuele tekste gekoppel word nie. Dikwels is die aanwending van 'n enkele teks eksemplaristies, moralisties – 'n boodskappie vir my.

Die korrekte hantering van die Skrif gaan hand aan hand met ons kennis van en diens aan God. Verkeerde Skrifhantering lei onafwendbaar tot afgodery en beelddiens. Dan vind in die godsdiens presies die teenoorgestelde plaas as wat godsdiens in sy wese is. Ons

moet in ons dienswerk hoe langer hoe meer tot die ewebeeld van God hernuwe word, maar ons poog die onmoontlike: om God hoe langer hoe meer na ons ewebeeld af te trek.

Reformasie in die kerke behels voortdurende introspeksie oor die wyse waarop ons die Bybel hanteer en gevolglik oor ons kennis van en diens aan God. So bly ons gehoorsaam aan ons roeping om die ware kerk te soek, ons daarby te voeg en daarmee in die ware geloof te verenig.

SKRIFOORDENKING

GELOWIGE BESINNING

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Ons lees in Handeling 15:6 dat die apostels en ouderlinge vergader het om die besnydeniskwessie wat in die gemeente van Antiochië opgevlam het, te ondersoek.

Dit is opmerklik dat die gemeente van Jerusalem ten nouste by hierdie besondere vergadering betrokke is. Reeds toe die ampsdraers van Antiochië in Jerusalem aangekom het, was die gemeente daar om hulle te verwelkom. Later in die hoofstuk bemerk ons dat die gemeente die verrigtinge met belangstelling gevolg het (vers 12). As daar besluite geneem moet word, is die gemeente selfs by om hulle inset te lewer (vers 22). So is dit reg. 'n Kerklike vergadering is geen geheime samekoms agter geslote deure waarvan die gemeentes uitgesluit word nie. Uiteraard is daar sekere sake wat in camera bespreek en beslis moet word. Deurgaans is die vergadering egter oop. Dit is goed dat lidmate weet wat daar gebeur. Per slot van sake raak dit wat daar bespreek en besluit word ons almal direk.

Goeie begin

Die vergadering in Jerusalem het op 'n hoë noot begin. Die afgevaardigde ampsdraers van Antiochië doen verslag van al die dinge wat God met hulle gedoen het. Nie die 'Handeling van die apostels' nie, maar die 'Handeling van God' dien as vertrekpunt vir die vergadering se werksaamhede. Dit is belangrik om in die kerk van die Here op hierdie manier te werk. Wie met menslike verskilpunte begin, sal hoogs waarskynlik in menslike verskilpunte eindig. Maar wie met eenheid in die Here begin, sal die verskilpunte in die Here kan uitsorteer. Die begin in Jerusalem was goed.

En toe?

In reaksie op die verslag van die ampsdraers uit Antiochië het sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs opgestaan (vers 5). In die Grieks word 'n sterk woord vir hulle optrede gebruik. Hulle het driftig opgestaan, opgevlieg in die vergadering. Dit wat hulle sê sluit by hulle onstuimige optrede aan: 'dit is noodsaaklik dat hulle - die heidene wat tot geloof kom - besny word en bevel ontvang om die wet van Moses te onderhou'. Hier is geen sprake van rustige, ordelike gesprek nie. Daar word onmiddellik eise gestel: die besnydenis is 'n moet, die onderhouding van Moses se wet is 'n moet. Hierdie eise is selfs meer as dit wat die predikers in Antiochië gestel het.

Daar word nie gesê: 'so sê die Here' nie. Dit is menslike eise. Omdat dit menslike eise is, is dit ook waarskynlik die rede waarom dit so heftig gestel word. As 'n mens jou saak wil stel, help dit soms om ontsag in te boesem deur kras op te tree. Party mense val daarvoor. Maar so verwag die Here dit nie van sy kinders nie. Sy lewende Woord kan rustig gestel en aangehoor word. Die oortuigingskrag sit immers in die Woord self!

Beheers deur die Gees

Die driftige optrede van die gelowiges uit die party van die Fariseërs het opnuut tot 'n groot woordewisseling gelei. Die geskiedenis van Antiochië is besig om homself te herhaal. Só kom daar geen vordering nie. Daarom staan Petrus op. Hy is in die gemeente van Jerusalem 'n gerespekteerde voorganger. Hy skep orde in die onstuimige vergadering. 'Broeders' - so spreek hy die aanwesiges aan. Broeders,

VERENIGING VIR
GEREFORMEERDE
LEWENSWANDEL

Voorsitter:
Dr AH van den Bout
Tel 012 332 2988
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:
Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 546 4915
e-pos:
gjmeijer@absamail.absa.co.za

Medewerkers:
Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy:
<http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnommer:
Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley

Intekengeld:
R100 per jaar

Tegniese versorging:
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
e-pos: printbur@mweb.co.za

medegelowiges: almal van julle. Die ampsdraers uit Antiochië is broeders. So-ook die gelowiges uit die party van die Fariseërs. 'Broeders': in dié aanspraak lê 'n enorme appèl opgesluit. Broeders, laat ons onself nie onnodig opwerk en vertoorn nie. Laat ons daaraan dink wie ons is, wat die doel van die vergadering is, wat ons hier moet doen. Ons is almal kinders van God, ampsdraers in diens van die Allerhoogste, geroep om in rustigheid en verantwoordelikheid die sake te behandel wat ter tafel is.

Die praktyk praat

In lyn met die aanspraak gaan Petrus voort om die inhoud van die besnydenis-vraagstuk aan te roer. Hy verwys na sy eie optrede in die huis van die hoofman Cornelius. Vir hom wat Petrus is, was dit aanvanklik nie maklik om na die heiden-man Cornelius toe te gaan nie. Die Here moes hom met 'n laken vol rein en onrein diere oortuig dat Christus die Ou Testament vervul het en die pad na die heidene oopgemaak het. Petrus het toe gegaan en die heiden-gesin, wat tot geloof gekom het, gedoop. Op daardie dag het hy met sy eie oë gesien hoe die Heilige Gees op Cornelius-hulle uitgestort word. Oor al hierdie dinge praat Petrus vrymoedig. Na aanleiding van dit wat hy beleef het stel hy die kritiese vraag: mag daar 'n ekstra juk op die heidene gelê word deur te verwag dat hulle besny moet word? Is dit reg om te eis: glo in Jesus Christus én word besny? Petrus antwoord die vraag self. 'Ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook'. Broeders uit die party van die Fariseërs: julle eis is verkeerd. Broeders wat in Antiochië gepreek het: julle preek was dwaalleer, dit is nie Skriftuurlik nie.

Die hele menigte het daarna geswyg. Petrus se spreekbeurt skep rustigheid. Wat hy sê, is die waarheid. Tog ontbreek daar iets in wat hy sê. Almal swyg: niemand verskil nie, maar ook is daar niemand wat tot 'n besluit kan kom nie.

Die volgende sprekers is Barnabas en Paulus. In dieselfde trant as Petrus vertel hulle van al die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidene gedoen het. Die praktiese voorbeelde van hoe God in Christus die Ou Testament vervul het, word vermenigvuldig. Maar die hele menigte swyg steeds.

Geopende Woord

Toe praat Jakobus, 'n ander voorganger in die Jerusalemse gemeente. Jakobus bevestig alles wat Petrus en Barnabas en Paulus reeds gesê het, maar gaan dan 'n stap verder as hulle. Hy maak die Skrif oop en beduie: kyk, alles wat gesê is, staan swart op wit geskrywe. Dit wat Petrus en Barnabas en Paulus beleef het, stem ooreen met die woorde van die profete. Jakobus haal uit die profesie van Amos, hoofstuk 9:11 en 12, aan. God gaan die vervalte hut van Dawid weer oprig. Hoe? Vir wie? Allereers vir die gelowige oorblyfsel uit Israel wat die HERE van harte soek; dan ook vir die ander nasies oor wie die Naam van die Here uitgeroep is. Ook die heidene sal na Pinkster in God se ryke beloftes deel.

Vanuit die Skrifte toon Jakobus aan dat die ander ampsdraers wat uit die praktyk gepraat het, reg is. Op grond van die Skrifte kom hy tot 'n slotsom. 'Daarom oordeel ek dat ons

die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoeilik nie' (vers 19). Broeders wat preek dat die besnydenis 'n moet is, broeders uit die party van die Fariseërs wat maak asof Christus die Ou Testamentiese wet van Moses nie vervul het nie - kom ons buig almal saam voor die Skrifte!

Jakobus se oordeel oor die eis van die strydende broeders is klinkklaar. Die Skrifte het gepraat - dan is dit klaar gepraat.

Die Bybel in praktyk

Jakobus rig ook nog 'n boodskap aan die adres van die bekeerde heidene. Oor hulle nuwe lewenswandel oordeel hy dat hulle hul geheel en al moet weerhou van alle heidense praktyke, soos afgodsoffers en hoerery en alles wat daarmee saamgaan. Heidene wat christene geword het, moet deur hulle lewenswandel laat blyk dat hulle waarlik kinders van God is. Hulle is mos gedoop in die Naam van die Drie-enige God? Laat dit dan ook sigbaar wees in hulle optrede! Leef soos kinders van die lig! Dit is Jakobus se Skriftuurlike boodskap aan die bekeerde heidene.

Uit hierdie verloop van sake leer ons hoe om in die kerk van die Here gehoorsaam en weloorwoë en soekend vir die behoud van die ander op te tree. Erken en respekteer mekaar as broeders, ook al verskil 'n mens op 'n bepaalde punt radikaal van mekaar - daar begin dit. Gaan vanuit daardie beginpunt na die Woord van God toe. Menslike ervarings, hoe waar en mooi en goed hulle ook al mag wees, gee nie die deurslag nie. Omdat 'n ding altyd so gewerk het, is nog geen bewys dat dit reg is en dat 'n mens daarmee moet voortgaan nie (vergelyk Artikel 7 NGB). Die Woord van God is die waarheid. Op sterkte daarvan kan sake uitgesorteer word. Gelei deur die Woord kan kerklike vergaderinge tot beginselvaste oordele kom wat met vrug in die kerklike lewe uitgevoer kan word.



FOLMER BOEKHANDEL

19e laan 283, 0186 Villieria
Tel 012 329 0031, Faks 012 329 5927
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: iti03960@mweb.co.za

"Twaalf maal geseënd" is die titel van die nuwe prekebundel van die hand van ds Gerard Meijer.

Veertien preke oor Genesis 49, waarvoor ds Meijer self in sy voorwoord skryf:

Jakob se seëninge vir sy twaalf seuns is stuk vir stuk profesieë wat in Christus hulle vervulling vind en op die kerk van Jesus Christus besondere betrekking het. By die aanhoor van die seëninge kom 'n mens diep onder die indruk van die profetiese vergesig waarmee die Gees van God die sterwende aartsvader, Jakob, begenadig het. Elke woord wat Jakob op sy sterfbed uitspreek, wys op die HERE se ryke verbondsgenade, sy dwingende verbondseise en onlosmaaklik daaraan verbind, sy regverdige verbondsoordele. Die toepaslikheid van die seëninge op ons kerk-wees in die 21ste eeu is onmiskenbaar, duidelik en op die man af.'

Die prys is R49.

HET GOD KERKLOS GERAAK?

By die keerwal, die sluis en die baken

Ds ALA Buys, Pietersburg-Noord

'n Mens hoor gereeld van kerklos mense. Maar sal God ooit kerklos raak? Die gereformeerde kerke in sy verband in Suid-Afrika is so oortuig dat God nog by ons is, dat hierdie opskrif bykans lasterlik kan voorkom. Dit is nie die bedoeling nie. Iemand wat die saligheidsvraag vir homself beantwoord het, het nie in dieselfde asem die vraag na die ware kerk geantwoord nie. Die gereformeerdes, soos die meeste ander saliges buite die gereformeerde kerk, identifiseer die twee vrae met dieselfde antwoord.

Na Sinode 2003 moet daar nuut gedink word oor kerk en kerkverband. Na die sinode staan 'n paar dinge uit. Die gereformeerde kerke kan tans beskryf word as 'n keerwal en 'n sluis.

Die keerwal

Die keerwallers is diene wat net belang stel in wat God vir die verlede gesê het. Hulle wil die kerklike tradisionele praktyke van gister bewaar en het dit so lief soos wat hulle hul eie saligheid liefhet. Hulle diagnose van die situasie is in die kol, maar hulle voorskrif is 'n naskrif. Mense wat net keer, bou nie. Daar is 'n tyd om te breek en 'n tyd om te bou; só het Dawid se eie seun al geprofeteer.

Die saliges by die keerwal maak twee foute: hulle identifiseer hulle eie saligheid met hulle eie gehoorsaamheid. God wat die sonde uit die kerk wil keer, is ook die God wat met voortgaande openbaring besig is. God se stem spreek nie net gister nie, Hy praat vandag ook nog in die Skrif. Daar moet nuut gebou word aan kerk, staat en samelewing - dit is nie by die keerwal nie. Die konserwatiewes moet ophou huil oor wat nie was nie en begin doen wat God vandag eis. Dit is meer as om net teen die sonde te wees. Wie téén die satan is, is nie noodwendig vir God nie. Die keerwal kan 'n klagmuur van "gereformeerde" frustrasies word; 'n frustrasie wat begin vermoed God is nie (meer?) by die keerwal nie. Die konserwatiewe keerders druk die hart van die kerk dood.

Die sluisers

Waar kerklike konserwatisme vir baie jare die oorhand gehad het, het Sinode 2003 die sluis van liberalisme oopgetrek. Hulle sien dit nie raak nie. Inteendeel, met heilige hees stemme word verklaar dat die saliges van toe, nog steeds die saliges van nou is. Natuurlik glo die predikante en die ouderlinge wat die sinode bygewoon het, en die kerke wat hulle verteenwoordig het, nie minder (of meer?) aan hulle eie saligheid as ses maande gelede nie. Waarom word hulle dan nie maar weer Rooms-Katoliek nie? Ekskuus? Rooms? Ja, as ons net met die saligheidsvraag - by die keerwal en die sluis - besig is, hoef ons nie meer gereformeerd te wees nie. Ek kan in die Roomse Kerk ook salig word. Wat maak die mis, die beelde en die heiliges nou saak? Solank ek in my hart weet dat ek die Here wil dien; solank ek weet dat Christus in my plek gesterf het, en ek my heiligheid moet wys en bewerk. 'n Absurde redenasie? Nee, dit is logies en eerlik.

Wat is die sluis wat oopgetrek is? 'n Sluis waardeur eers 'n belaglike klein stroompie syfer maar wat spoedig in 'n magtige stroom selfs die saliges sal wegsput? In tydskrifte is daar dikwels 'n speletjie waar twee prentjies of foto's byna dieselfde is - net klein verskille hier en daar, met as opskrif: Kan jy die verskil sien? As die sluis nie so gevaarlik was nie kon ons ook die spel speel: Een kerkverband, twee hermeneutiese modelle en twee maniere van Skrifuitleg, een teologiese skool. Kan jy die verskil sien? Waar die keerwallers te min suurstof het, het die sluisers te veel stikstof.

Die sluis-"kerke" in Amerika en Europa teken 'n padkaart in die kerkgeskiedenis hoe 'n ware kerk 'n valse kerk word. Skrifgetroue en Bybelse eksegeese word afgemaak as fundamentalisme en o, so stadig - binne 14 dae op 'n sinode - met sosio-historiese eksegeese vervang. Daarby word verklaar dat die kerke na die sinode presies dieselfde as hulle voorgangers voor die sinode is. Op grond van die tradisionele geloofwaardigheid van hoogleraars in die verlede, eet die kerkvolk die hele s-pil-letjie vir soetkoek op. In ander lande, veral Nederland, het hierdie vervanging ook plaasgevind. Akademies eerlik, wonder 'n mens of die teologiese denkprosesse in Afrika dan stadiger is as op ander plekke. Sosio-historiese eksegeese het op ander plekke die ware kerk daartoe gelei om binne anderhalf dekade Christus as die enigste Verlosser te verloën. Waarom sal dieselfde sosio-historiese hermeneuse, met dieselfde argumente, die ware kerk hier in Afrika ware kerk laat bly? Asseblief! Die sluis se voormanne is een van twee: óf hulle is akademies onderbedeeld óf hulle is kerklik oneerlik. Sosio-historiese hermeneuse is nie grammaties-historiese eksegeese wat Calvyn ons geleer het nie. Die sluis spoel die kerk leeg van saliges en vol van dwalings. Die "gereformeerde kerk" wat sosio-historiese hermeneutiek as sy Skrifmodel aanvaar, gaan binne 15 jaar in Suid-Afrika Jesus Christus as enigste Here en Verlosser betwyfel en beskimp. Die liberales by die sluis ruk die hart van die gereformeerde kerk uit. God sal van so 'n "kerk" los raak.

Die baken

God wil en kan nooit kerklos raak nie. God is altyd by die ware kerk. Paulus sê: selfs die heidene sal getuig dat God by julle is. God is nie kerklos nie. Nie omdat dit een of ander oulike kerklike spreuk of propaganda is nie, maar omdat God dit Self openbaar. Hy wil nie los van die kerk wees nie. God die Skepper is 'n kerk-God. Daarvan getuig die beelde van die kerk as liggaam van Christus en as

tempel wel deeglik. Ons gereformeerdes se toleransie met die kerklike pluriformiteit gaan hier sy duurste prys betaal. Ons aandrag dat ons die ware kerk moet wees, het begin vervaag sodat dit geen rol in ons doen en late meer speel nie.

God die Vader het net een keer 'n kerklidmaat verlaat; die laaste lidmaat van die Ou Testamentiese kerk. Sy woorde weergalm elke keer in ons ore as ons hoor: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" Die kerkhoof, Jesus Christus, was een keer sonder sy kerk; toe Hy in die hel was aan die kruis (Heidelbergse Kategismus vraag 44). Met liggaam, siel en gees is Hy deur sy Vader verlaat en moes Hy die liefdevolle teenwoordigheid van die Vader en die Heilige Gees ontbeer.

Daarna het Hy sy gees in sy Vader se hande gegee en is Hy na die doderyk waar Hy begeesterd gepreek het (Efesiërs 4:8 e.v.; 1 Petrus 3:19 e.v.; Handeling 2:30-31). Hy het daar al as Oorwinnaar begin optree om sy skatte en gawes terug te vat wat regmatig aan Hom behoort. Wat verdedig Jesus Christus in die doderyk? Die gesag van sy oordeels-woord. Skrifgesag. Die ware kerk, op aarde, in die hemel, in die doderyk, staan of val met die gesag van die woord. Met die erkenning van die gesag van Jesus Christus, as die woord van God, is die saak van die ware kerk besleg. Waaroor preek Christus in die doderyk? Hy preek oor ongehoorsaamheid. As Christus dit nodig ag om in die doderyk oor gehoorsaamheid te preek, durf ons dit hier op aarde dan so gering ag asof dit niks met die ware saligheid te doen het nie?

Saligmakende geloof is 'n gawe. Die saligheid word in Christus aan die kerk toebedeel. Geloof is gehoorsaamheid. Deur gehoorsaamheid word die ware kerk bewaar. Die ongehoorsames wat in Noag se tyd die preek moes aanhoor, het te laat besef dat die ware kerk oor Skrifgesag, oor saligheid, oor gehoorsaamheid gaan.

Moet ons ook eers 'n preek in die doderyk aanhoor voordat ons gaan wakker skrik oor die gehoorsaamheid van die

ware kerk? Wil ons nog as gereformeerdes saam-hoor of ons die ware kerk is? Roei dan die sosio-historiese eksegeese met wortel en tak uit die ware kerk uit; ook as die teologiese skool die vrou in die besondere ampte bepleit.

Die uiteinde daarvan is rampspoedig. Daarin sit ongehoorsaamheid. Daarin sit Skrifkritiek. Daarin sit Godsverlating. Daarin sit 'n Godlose "kerk". Daarmee word die gereformeerde belydenis opgerol en in stof weggepak. Daarmee word die kerk vir die hel voorberei, want God duld geen samesprekings oor sy geopenbaarde waarheid nie. Met sosio-historiese eksegeese kan die kerk per definisie nie meer 'n belydende kerk wees nie, want die 'waarheid' het vlottend geword. Die menslike aandeel in die waarheids-aanspraak kry uiteindelik die oorhand. Dan word ge-hoorsaam na die woord luister, verruil vir saam-luister en saampraat oor wat ons dink die 'waarheid' nou moet wees. Dit is ongehoor-saamheid. So verkry 'n mens die gemeenskap van die onheiliges. Die satan en die wêreld ken ook sy eie ekumene.

Wat sal dit vir ons wees? Wil ons die ware kerk wees? Handhaaf dan die belydenis dat Jesus Christus in die hel was aan die kruis. Moenie toegee aan 'n mooi klinkende frase dat Hy maar net die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het nie. Ons bely nie net Getsémane nie, maar ook Golgota; Golgota met sy verskrikkende kerklidmaat-verlating; Golgota met die hel van los van God en mens wees. Dáár lê ons genesing. Daar lê ons bekering. God die Vader het Christus verlaat; daarom kan ons, as die ware kerk, by die tafel met die beker bely: ons is die ware kerk. Ons sal nooit God-los wees nie. As jy dit glo: doleer dan oor Skrifverlating. Treur oor skeurings in die ware kerk. Treur terwyl jy die belydenis hooghou. Nou is die uur. Nou is die tyd om gehoorsaam te wees. As jy deel van die ware kerk is, sal jy Christus in alles gehoorsaam wees. Die ware kerk se saligheid, ook van die nageslag, word beskerm deur gehoorsaamheid.

Byeenkoms – VGL

En by my het byengekom almal wat gebeef het vir die woorde van die God van Israel – Esra 9:4

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel hoop om Vrydagaand 24 Oktober en Saterdagoggend 25 Oktober 'n byeenkoms in die gees van Esra 9:4 te hou. Tydens die byeenkoms gaan gefokus word op die denk(strome) wat grondliggend is aan die ontwikkeling van gebeure in die kerkverband van die GKSA, in besonder soos wat dit in die neem van sekere sinodebesluite na vore gekom het. Denke oor God, die Skrif en die kerk sal onder andere aangespreek word. Prof LF Schulze (emeritus), dr VE d'Assonville (jnr) en ds ALA Buys gaan as sprekers optree.

Plek: Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, Pretoria.
H/v Codonia- en Dickensonlaan, Waverley.

Tyd: Vrydag 24 Oktober vanaf 19:00 tot 21:00
(vanaf 18:30 sal ligte verversings aangebied word)
Saterdag 25 Oktober vanaf 08:30 tot 13:00
(vanaf 08:00 sal ligte verversings aangebied word)

Kontakpersone: dr Anton van den Bout - tel. (012) 379 5913, of vdenbout@mweb.co.za
mev Joke de Wind - tel. (012) 332 4676, of jdewind@mweb.co.za

Eenheid in verskeidenheid in die ampsdiens (1)

Ds JR Visser, Pretoria

Die samewerking tussen diaken, ouderling en predikant is van groot belang, aangesien dit die opbou van Christus se gemeente raak. As kerkraadslede onderling begin stry oor wat die een of die ander se werk is, doen dit skade aan die opbou van die gemeente. Ons moenie daarvoor stry nie; intendeel, ons moet daarvoor besin wat die werk van die diaken, die ouderling en die predikant is. Daarmee saam gaan dit oor die vraag hoe die diaken met die ouderlinge en die predikant mag en moet saamwerk. Wat is die plek van die diaken in die kerkraad? Behoort die diaken by die kerkraad of is hy nie werklik deel daarvan nie? Hieroor het al talle gesprekke plaasgevind en is daar vele artikels geskryf. Sommiges meen dat die diakens in alles deel van die kerkraad behoort te wees en dat die kerkraad altyd saam met die diakens moet vergader. Daar is ook dié wat vanuit die verskil in ampte juis tot 'n ander gevolgtrekking gekom het. Dit is goed om te kyk wat die Skrif, die belydenis en die geskiedenis daarvoor sê.

Samewerking in die geskiedenis

Die kerkverband van Gereformeerde Kerke het in die tyd van die Reformasie in die Nederlande ontstaan. Aandag is gegee aan die samewerking tussen diaken, ouderling en predikant. Ons sien dit by die eerste vergadering wat tot kerkverbandelike samewerking gelei het. Die eerste vergadering waar die kerkverband vorm begin kry, is die konvent van Wesel in 1568. Die artikels wat daar oor diakens se werk opgestel en aangeneem is, noem twee soorte diakens. Die eerste groep diakens het die taak gehad om geld in te samel en uit te deel. Van die ander soort diakens lees ons in hoofstuk V, artikels 6 en 7 die volgende:

- Artikel 6: "Het ander deel zal meest bezig zijn omtrent zieken, gekwetsten, gevangenen, dewelke niet alleen moeten getrouw en vernuftig zijn, maar ook begaafd met ongemene kennis van vertroosting, en van Gods Woord, en naarstiglijk van de ouderlingen vernemen, wat hoe vele zieke en zwakke lidmate in hun wijken zijn, die met troost dienen ondersteund te worden."
- Artikel 7: "Die ziek te bed liggen, zullen hun ziekte door de diakenen of ouderlingen de predikant aandienen, opdat of hy zelf des noods zijnde, tot hen komen en uit Gods Woord vertrooste, of de ouderlingen, of diakenen dat aanbevele, als het hem door andere openbare zaken van groter gewicht verhinderd zijnde, niet gelegen komt."

Dit is duidelik dat die Gereformeerde kerkverband vanuit die staanspoor aandag aan die samewerking tussen die ampsdraers gegee het. Ons sien dit ook by die Sinode van Dordrecht 1574. Artikel 34 bepaal hieroor die volgende: "Aangaande de uitdeling der aalmoezen, wien en hoeveel, dat zal staan in de diskretie der diakenen, die tot dien einde hun vergaderingen houden, opdat ze niets doen sonder malkanders advies in ordinare zaken, en in gewichtige zaken zal het wel staan, dat ze de raad der konsistorie gebruiken."¹

Onderskeid tussen die vergadering van ouderlinge en predikante, asook van die diakens, het toe reeds amptelik bestaan. In baie gevalle het dit nog nie werklik gefunksioneer nie en op baie plekke was die onderskeid tussen ouderlinge en diakens nog baie klein. In die 17de eeu het dit selfs

gebeur dat dieselfde persoon ouderling en diaken was². Daarna het die onderskeid tussen die amp van diaken, ouderling en predikant al hoe meer in verskillende vergaderings vorm gekry. Vanuit die staanspoor is aan die samewerking tussen die ampte in die gemeente aandag gegee.

Vanuit die apostelskap na verskillende ampte

Wat was die taak van die apostels in die gemeente van die Nuwe Testament? Die leiding van Christus se gemeente is in die begin aan hulle toevertrou. Hulle moes daarvoor sorg dat die tug in die gemeente gehandhaaf word (Handelinge 5:3 e.v.). Ons lees in Handelinge 6 dat die apostels vir die prediking in die gemeente verantwoordelik was. Hulle het die gebede in die eredienste gedoen (Handelinge 6:4), en hulle moes uitspreek wat die gesonde leer is (Handelinge 15). Die algemene leiding van die groot gemeente in Jerusalem het op die skouers van die apostels gerus – 'n baie groot taak.

Dit was nie al nie. Die eerste tyd was die diakonale werk ook deel van die apostels se daaglikse taak. Ons lees dit in Handelinge 4:33, 34: "En met groot krag het die apostels getuie gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal. Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê".

Ons sien juis in die apostelskap hoe die hele ampsdiens in Christus se gemeente 'n eenheid is; 'n eenheid om Christus se gemeente op die beste manier op te bou en te versorg. Hierin lê 'n baie belangrike aanwysing dat die verskillende ampte mekaar nooit as konkurrente mag begin sien nie. As dit gebeur het die duiwel 'n plek onder ons gekry. Dan gaan dit oor onself en oor ons amp, en nie oor hoe ons as ampsdraers saam die gemeente van Christus op die beste manier dien nie.

Uit Handelinge 6 word dit duidelik dat die diakonale taak op daardie oomblik die apostels se werk was. Hierdie hoofstuk beskryf dat die apostels al die werk wat gedoen moes word nie meer kon behartig nie; die take is daarom

verdeel. Sewe manne is aangestel om die diakonale take van die apostels oor te neem. Die apostels trek hulle van hierdie diakonale take terug. Ons lees naamlik in vers 2-4: "En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord."

'n Werkverdeling het plaasgevind. Beteken dit nou dat die apostels en die diakens langs mekaar begin leef? Nee, verseker nie. Nadat die name van die sewe diakens genoem is, lees ons in Handeling 6:6: "wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê". Handoplegging is onder andere die teken van amptelike gemeenskap tussen die apostels en die diakens. Hulle werk in diens van dieselfde Here. Hulle werk saam aan die versorging van Sy kudde. In Efesiërs 4:11-13 word dit omskryf: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus".

Die apostels was besondere ampsdraers. Hulle amp was tydelik. 'n Apostel kon net 'n man wees wat Jesus se werk met eie oë en ore gesien en gehoor het, of iemand soos Paulus wat regstreeks deur Christus se eie stem geroep is en ook in Jesus se tyd geleef het. Dit word baie duidelik

wanneer 'n nuwe twaalfde apostel in Judas se plek gekies moet word. Waaraan moet die twaalfde apostel voldoen? Petrus (gelei deur die Heilige Gees) verduidelik dit só dat hy een moet wees "Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in- en uitgegaan het, van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is – van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding" (Handelinge 1:21, 22).

Die amp wat die apostelskap vervang, is die amp van ouderling. In die eerste gemeentes het die ouderlinge dieselfde take as die apostels in Jerusalem gekry. Hulle was in daardie tyd vir die hele versorging en leiding van die gemeente verantwoordelik. As Paulus in die begin die ampte instel, lees ons net van ouderlinge en nie van diakens nie. Die volgende word oor Paulus en sy medewerkers in Handeling 14:23 gesê: "En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het".

Handelinge 11 beskryf dat ouderlinge geld uit ander gemeentes gekry het om dit vir diakonale doeleindes in hulle gemeente uit te deel; "en die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judéa woon. Dit het hulle ook gedoen en dit deur Bárnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur" (vers 29 en 30).

- 1 Na hierdie uitspraak van die sinode ontstaan daar oor hierdie punt probleme in die kerkraad van Dordrecht self. Kyk Th.W. Jensema, 1981. Uw Koninkryk kome. Dordrecht: Van den Pol. p 24, 25
- 2 A. van Deursen, 1991. Bavianen en Slykgeuzen. Franeker: Van Wijnen. p 94

OP DIE KERKERF

Reformasie in die prediking (3)

Prof VE d'Assonville, Pretoria

As 'n Gereformeerde kerk tekens van verval toon, dan lê die fout by sy prediking. Dit help nie om die simptome van agteruitgang te probeer dokter nie; die kwaal van slegte preke moet by die studeertafels van die dominees, die bediening van die Woord op die kansels, die katekisasies en in die huisbesoek gesoek word. As die preke nie waarlik Woordverkondiging is nie, help dit nie om vanaf die preekstoele teen swak kerkbesoek en swak bydraes uit te vaar nie.

Kennis, kennis, kennis! Dit is die punt. Bybelse kennis wat die inhoud van die prediking is. Die kennis waarvan Paulus in sy briewe aan die Korintiërs skryf is: Jesus Christus en Hom as gekruisigde!

Bybelse kennis teenoor valse teologiese kennis

In Paulus se briewe aan die Korintiërs skryf hy ten minste vyftien keer oor die ware kennis. Die laaste keer is dit in 2 Korintiërs 11:6 waar die volgende in verband met sy prediking staan: "onbedrewe in woord, en tog nie in kennis nie". Net daarvoor in hoofstuk 10:5 beskryf hy hierdie kennis as "die kennis van God". In 2 Korintiërs 4:6

noem hy dit "die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus".

Daar is geen onduidelikheid nie. Die inhoud van Paulus se prediking is altyd die kennis van God in Jesus Christus. Jesus Christus is die sleutel van hierdie kennis (Lukas 11:52). Daarom, as die Korintiërs ander dinge in Paulus se preke verwag, moet hulle heel aan die begin van die "debat" presies weet: Ek preek "niks anders as Jesus Christus en Hom as gekruisigde" (1 Korintiërs 2:2). Deur Hom alleen gaan ek al die skatkamers van die Heilige Skrif, die Ou Testament en die oog- en oorgetuienis van die apostels in die Nuwe Testament, binne.

Nou het daar baie gou in die kerk van Korinte 'n deformasie in die prediking gekom. Ná Paulus se vertrek het ander predikante in die gemeente kom preek. Hulle was die manne met die "mooi preke", die leraars wat hulle woord so goed kon doen, die welsprekende orators. Hulle was die woordkunstenaars wat die kerkvolk met hulle uitstekende voordrag meegesleep het. Maar wat van die inhoud van hulle preke? Dit was in één woord korrup. Paulus noem hulle in 2 Korintiërs 11:13 valse apostels.

Hulle preek 'n "ander Jesus", 'n "ander evangelie" (vers 4). Dit was preke met 'n ander soort kennis.

Wat was nou die "kennis" van hierdie valse apostels waarteen Paulus die Korintiërs waarsku? Dit was die dwaling van die gnostiek.

Die gnosis (kennis) van die Grieke versus die kennis van God

Heidense kennis het die kennis van die Evangelie in die kerk bedreig. Al die apostels het daarmee te doen gehad. In Johannes se eerste brief bstry hy hierdie dwaalleer en ander dwalings met felheid as hy waarsku: "Glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan" (1 Johannes 4:1).

'n Stryd het op die preekstoel van Korinte gewoed. Die lidmate was behep met welsprekendheid en het nie soseer op die inhoud ag geslaan nie; vir Paulus was die inhoud in sy preek alles.

Die "vals profete", die "vals apostels" van die gnostiek het geleer: Nie die waarheid van die Skrif staan in die middelpunt nie, maar die weg hoe jy by die waarheid kom; nie die wat nie, maar die hoe; nie die wie (God) nie, maar waardeur; nie die genadige God nie, maar die genademiddele; nie die heil (verlossing) nie, maar die weg van die heil (die via salutis).¹

Omdat die gnostici geleer het dat Jesus Christus nie werklik in die vlees (aardse liggaam) gekom het nie (1 Johannes 4:3)², het alles op die preekstoel, in die katkisasies en huisbesoeke van Korinte skeefgeloop. Paulus moes hierdie dwaalleer in sy twee briewe heftig bstry.

In ons moderne tyd is daar steeds vals teoloë wat die idees van die gnostisisme verkondig. Daar word onder andere getwyfel aan die werklike historiese bestaan van Jesus Christus, sy maagdelike geboorte, die Christusprofesieë in die Ou Testament en sy liggaamlike opstanding uit die dood. 'n Voorbeeld van hierdie dwaalleer sien ons in die verwydering van die waarhede oor Christus in die nuwe Psalmomdigting van 2001 wat deur die GKSA in 2003 aanbeveel is.

Uiteindelik is die grootste vraag in die kerk: Word die gesag van God se Woord nog gehandhaaf op die preekstoel, in die erediens as die psalms gesing en die sakramente gebruik word en in alle aktiwiteite van die gemeente?

Die belangrikste is die preekstoel!

Wat sê Jesus Christus self oor die kennis?

Jesus rig sy woorde direk aan die Skrifgeleerdes en die wetgeleerdes; aan die adres van die groot teoloë van sy tyd. Ons vind dit in Lukas 11:52: "Wee julle, wetgeleerdes, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem; self het julle nie ingegaan nie, en vir die wat wou ingaan, het julle verhinder".

Vir hierdie Joodse teoloë behoort die kennis van die hele Ou Testament die ware kennis te gewees het. Moedswillig wou hulle egter nie vir Jesus Christus daarin erken nie. Dit was die Ou Testament met sy absolute gesag, die ewige Woord van God. Hiervan het God self in Deuteronomium

4:2 gesê: "Julle mag by die woord wat Ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie". Op die laaste bladsy van die Bybel herhaal Jesus Christus dieselfde woorde wat ook op die Nuwe Testament toegepas word. Die Bybel word as 't ware hiermee afgesluit (Openbaring 22:18).

Hierdie Woord van God het in die Ou Testament die hele pad van die Messias, Jesus Christus vertel. Hyself sê dit vir die teoloë en vir ons:

- "Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie" (Johannes 5:39-40).
- "Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle My woorde glo?" (Johannes 5:46-47).
- "O, onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! ... En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het" (Lukas 24:25, 27).

Al die Skrifte! Dit is al die Skrifte van die Ou Testament - van Genesis tot Maleagi, 39 Bybelboeke. Terwyl Jesus te voet saam met sy volgelingen, die aand ná sy opstanding, van Jerusalem na die dorpie Emmaüs gestap het, het Hy die hele Ou Testament vir hulle uitgelê - "die dinge wat op Hom betrekking het".

Daarmee was Jesus nog nie klaar nie. Daardie selfde aand was die dissipels almal bymekaar. Hy sê vir hulle (sy kerk): "Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word" (Lukas 24:44).

Dit is met één woord verstommend dat daar in die geleedere van Gereformeerde kerke nog teoloë, predikante en lidmate kan wees en Bybelkommentare (ook in Afrikaans) wat die durf het om te sê: Ons glo nie dat die hele Ou Testament die Messias, Jesus Christus verkondig nie. Onbegryplik dat daar sinodes van kerke kan wees wat dit goedkeur dat Christus met opset uit 'n nuwe psalmberyming verwyder is. Hulle verwerp eenvoudig die absolute gesag van die Heilige Skrif; hulle verwerp ook artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis.

As hierdie mense nou op kansels deur ons land begin preek? 'n Ou Testament sonder Christus? Dan vervlak preke uit die Ou Testament tot sedelesse. Persone en gebeurtenisse dien dan slegs as voorbeelde om in ons lewens toe te pas; die sogenaamde eksemplaristiese prediking. Die Bybel is op dié manier 'n handboek van "eksempels".

Wat daarvan as die predikant Psalms sonder Christus deur die gemeente laat sing? Hierop roep Christus self uit: "Wee julle!" (Lukas 11:52). "Julle het die sleutel van die kennis weggeneem". Die hele bedryf van predikante wat 'n evangelie sonder Christus preek en 'n gemeente wat Psalms sonder Christus sing, word 'n skynheilige gedoente.

1 Vgl. F.J. Pop, *Bijbelse Woorden en hun Geheim*, Boekencentrum, 's-Gravenhage, 1957, deel 1, pp 103-109

2 Vgl. ook *The Oxford Dictionary of the Christian Church*, London, 1957, p 565

SINODE 2003 EN STAD INTERNET

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

Sinode 2003 en die aktualiteit van die Internet

Met hierdie artikel wil ek u laat sien hoe besonder aktueel en van hulp stad Internet is ten opsigte van besluite wat op die pas afgelope sinode van die GKSA geneem is.

In die eerste plek moet genoem word dat die sinode-handelinge in stad Internet gepubliseer is en wel op die webwerf van die GKSA (<http://www.gksa.org>).

Tweedens wil ek u wys op interessante en leersame materiaal in verband met die besluite van die sinode oor die Psalms en die vrye lied, die vrou in die amp en die verhouding sabbat-Sondag. Ek gaan in hierdie artikel net by materiaal oor die Psalms en die vrye lied stilstaan. In 'n volgende artikel sal ek op die ander twee besluite ingaan.

Die Psalms en die vrye lied

Nie net in die GKSA vind ons mense wat lief is vir die Psalms nie. Sulke mense is daar ook in stad Internet.

Hier dink ek onder andere aan BM Schwertley, skrywer van die boek *Exclusive Psalmody: A Biblical Defense*, wat gratis beskikbaar is by <http://www.reformedonline.com/view/reformedonline/s36p93.htm>. In dié boek stel Schwertley 'n sterk saak vir die gebruik van die Psalms alleen, omdat die Psalms die liedere is wat God self deur sy Heilige Gees aan ons gegee het.

U kan ook gaan kyk by die volgende tuisblad: <http://members.aol.com/rsichurch/worship.html>

Twee teksgedeeltes wat 'n groot rol gespeel het in besprekings op Sinode 2003 oor die Psalms en die vrye lied, is Efesiërs 5:18-21 en Kolossense 3:16.

Swertley wy 'n hele gedeelte aan hierdie verse en in besonder die woorde psalms (Grieks: psalmos), lofsange

(Grieks: himne) en geestelike liedere (Grieks: ode). Veral belangrik wat hy aantoon is dat hierdie woorde nie verwys na vrye liedere nie, maar dat dit afkomstig is uit die Griekse vertaling van die Psalms (Septuagint); met al drie word die Psalms in die Ou Testament bedoel. By Spindle Works (http://www.spindleworks.com/septuagint/lxx_psalms_titles.htm) kan u 'n insiggewende tabel kry, waarin u mooi kan sien in watter Psalms die Septuagint die woorde psalms, himne (lofsange) en ode (liedere) gebruik en hoeveel keer.

Sinode 2003 en my tuisblad

By die volgende adres op my tuisblad sal u verskillende stukke oor besluite van Sinode 2003 kry: <http://home.spg.co.za/bogaards/sinode2003.htm>. U sal onder andere die brosjure *Sola Scriptura* van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar daar kry.

Die Geneefse melodieë

Ek wil u ook in hierdie artikel verwys na die tuisblad van die Hervormde Kerk in Dinteloord (<http://www.hervormd.dinteloord.com/muziek.htm>). Daar kan u die Geneefse melodieë in sogenaamde midi-formaat aflaai. 'n Oulike midi-speler (van Basco's Karaoke Player) is gratis beskikbaar.

Verder word belangrike skakels na ander webruimtes, onder andere na die artikel van K Deddens gegee: *The origin of our Psalm melodies* (<http://spindleworks.com/library/deddens/psalmOrigins.htm>).

Philips van Marnix van Sint Aldegonde

Is u geïnteresseerd in die Psalmberyming van Philips van Marnix van Sint Aldegonde? Kyk dan by die adres <http://www.dbnl.nl/>. Gaan na Zoeken en tik in: Marnix.

MEDIES

Die tiende gebod en geneeskunde

Prof JM Boon, Pretoria

"Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie".

Die tiende gebod: 'n gebod wat die Here vir alle lewensterreine gee; ook vir die gesondheidsorg. 'n Gebod wat baie duidelike implikasies vir die geneeskunde het.

In Kolossense 3:5 lees ons die oproep om alle hartstog wat afgodediens is, dood te maak. Die hebsug kan tot allerhande onreinheid aanleiding gee (Efesiërs 4:19). Ons lees in die brief aan die Galasiërs oor die stryd tussen die Gees en die

vlees (Galasiërs 5:16-26). Johannes skryf ook oor die wêreld en sy begeertes (1 Johannes 2:17).

By die eerste gebod het ons gesien dat die gesonde liggaam en gesondheid tot die hoogste norm verhef word. Gesond-

heid is nie net meer die ontbreking van siekte nie, maar dit verwys ook na dinge soos om goed te lyk, om goed te voel en jeugdigheid. Dink maar aan die geweldige groei van vakgebiede soos ortodonsie, plastiese chirurgie en veral verskeie alternatiewe geneeswyses. Die sekulêre heilswagting lê vandag in die gesondheid van die liggaam. Die begeerte van die gesondheidsorg is direk daaraan verbind.

'n Moderne apteek se winste word vandag deur skoonheids- en verslankingsmiddels gegeneer. Die mens se begeerte is na die gesonde liggaamsbeeld van die vrou en die man wat deur die media voorgedra word as die ideaal om na te streef. Liggaamlike gesondheid is amper heilig. Daarsonder kan jy nie geniet en "kwaliteit van lewe", 'n tipiese goddelose moderne begrip, ervaar nie.

Advertensies het deesdae dikwels die volgende strekking: "Het u 'n goeie gesondheid en wil u sorg dat dit so bly, of dat u selfs nog beter sal voel?" Ons hele samelewing word bepaal deur die ideaal van 'n jong gesonde liggaam.

Ons het inderdaad die taak om na ons liggaam om te sien. Die aanneem van 'n gesonde lewenstyl waarin 'n mens gesond eet, genoeg oefening kry en nie rook nie, is natuurlik God se wil. Vandag neem die begeerte na die ideale liggaamsbeeld godsdienstige trekke aan. Sodanig dat dit in konflik kom met die tiende gebod. 'n Begeerte na die liggaam van die naaste.

In die tiende gebod kyk die Here in die hart van gesondheidsorg. Die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan. Wat in die hart leef, versprei altyd na buite. Waar die hart van vol is loop die mond van oor, sê die spreekwoord. Dit sien ons ook in die geneeskunde.

Aan die een kant het gesondheid 'n doel op sigself geword; aan die ander kant ook 'n voorwaarde om te kan funksioneer en veral te kan geniet. Die heil van die liggaam word verafgod. Om die Here te dien is nie meer prioriteit nie, maar om die liggaam te dien. Karl Jaspers, filosoof en medikus van die vorige eeu, tipeer dit soos volg: "Die verlies van die transendente werklikheid het die aardse strewe na geluk tot die absolute laat toeneem". In ons kultuur word die liggaamsheil as heilig beskou. Dit kom in die plek van die heil van die siel. Om gesond te wees en te bly word as 'n absolute noodsaak gesien om te kan deelneem in die arbeidsmark en aan die verbruikerskultuur. Gesondheid word van die hoogste belang geag.

Die gesondheidsorg en sy begeertes het 'n groot impak op die lewe. Neem byvoorbeeld die manier waarop geneesmiddels geadverteer word. In die advertensie van 'n nuwe migraine-middel word twee mense uitgebeeld: jonk, bruingeband, in swemklere op die strand, met die opskrif: The freedom to get on with life. 'n Moegheidskuur word deur 'n groot geneesmiddeldervaardiger geadverteer: 'n jong meisie met die minimum klere, besig om 'n gevaarlike krans met rotsklimtegnieke te bemeester. Die advertensie lees: You need performance and reliability you can trust on. Die logo van die firma is: Life is our life's work. 'n Kontraseptiewe pil word sô geadverteer: contraceptive freedom begins with a wish. Die ideale gesondheidsbeeld: 'n Werkende ma met 'n klein gesin (indien enige) en baie selfgenieting van die lewe. 'n Man met 'n gespierde liggaam en baie tyd vir allerhande stokperdjies. Siekte en

gebrek pas nie in hierdie ideaal nie. Op hierdie goddelose ideaal word vandag gebou om werk en mediese of ander versekerings te kry.

Die geneeskunde speel lustig in op hierdie ideale mensbeeld. In die toekoms kan moontlik deur genetiese toetse ook bepaal word of iemand nog siek gaan word. Vir kinders met gebreke is daar dan weinig plek oor. Genetiese seleksie vir die regte gene wat uiteindelik die ideale 'produkt' sal oplewer, word genoem. Selfs voor inplanting van die menslike embrio, kan ge-screen word vir afwykings wat kan voorkom. Genetiese manipulasie is nie ver van genetiese eugenetika af nie.

Daar bestaan positiewe en negatiewe eugenetika. Negatiewe eugenetika wil voorkom dat slegte genetiese materiaal van die een na die ander geslag oorgedra word, terwyl positiewe eugenetika daarop uit is om die mens aan die hand van sekere kriteria te verbeter. Met genetiese manipulasie word beoog om sekere siektes te beveg, soos byvoorbeeld om die diabetiese geen te probeer uitsny. Eugenetika wil egter nie die mens beter maak nie, maar wil beter mense maak; mense met hoër intelligensie, groter fisiese vermoë, beter hanteringsvermoë van stres. Waar lê die grens tussen genees en verbeter? Waarom kan ons as ons siek gene met normale gene kan vervang, nie maar ook normale gene met nog beter gene vervang nie? Deur middel van kloning kan ons nog verdere voorbeelde van hierdie 'beter' mens maak.

Engelhardt, 'n Nederlandse etikus skryf baie positief oor die strewe om 'n superman en supervrou te kweek in sy artikel: De menselijke natuur technologisch herzien. Die mens sou selfs moreel verbeter kon word.

Die begeerte na die ideale mensbeeld vorm die grondslag van baie indikasies vir aborsie, eutanase, orgaanoorplanting, embrio manipulering, ensovoorts. Dit vorm tot 'n groot mate die basis van die outonomie-beginsel in die gesondheidsorg. Met hierdie beginsel word die hart van menslike outonomie, naamlik die begeerte na 'n sekere mensbeeld, veilig gestel. Die bevrediging van hierdie behoefte vorm die grondtoon, en nie meer die wil van God nie.

Met die tiende gebod raak die Here die kern van baie gesondheidsproblematiek aan. 'n Gebod om deeglik van kennis te neem en dankbaar uit te leef, want daarsonder verander die gesondheidsorg onherkenbaar.



FOLMER BOEKHANDEL

19e laan 283, 0186 Villieria
Tel 012 329 0031, Faks 012 329 5927
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: iti03960@mweb.co.za

'En as ek sterwe' deur ds Hennie Momberg gee 'n verduideliking van wat die Bybel self oor sekere vrae aangaande die lewe na die dood verkondig. Terwyl die Bybel tog wel sekere sake pertinent openbaar, moet ons nie ons kop wegdraai met die verskoning dat ons nie in die verborge dinge van God mag grawe nie. Natuurlik mag ons nie nuuskierig krap in die dinge wat God nie vir ons openbaar het nie. Wat Hy egter wel in sy Woord aan ons openbaar het, mag ons tog met blydskap aanneem, gelowig bestudeer en logies orden. Die prys is R39,95

‘Skole’ van denke in GKSA

Dr Pieter Bingle skryf in Die Kerkbode van 13 Junie 2003:

Die feit dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika net één teologiese skool (Potchefstroom) het vir die opleiding van sy bedienaars van die Woord, is redelik bepalend vir min of meer ‘n gelykluidende beskouing van sake soos Skrifgesag, die aanvaarding van die onfeilbaarheid van die Skrif, die kanonisiteit en die organiese inspirasie van die Woord van God. Die historisiteit van die maagdelike geboorte en van die opstanding van Jesus uit die dood word nie in GKSA-kringe betwyfel nie.

Besluite wat die GKSA neem, word bo alles in die Skrif gegrond. Daarom is die vraag na Skrifberoep (begroning in die Bybel) altyd ‘n belangrike vraag by alle besluitneming. Al die kerke wat in een kerkverband saamgevoeg is, vind hul eenheid in die Skrif, die gemeenskaplike Belydenis en die Kerkorde.

Wanneer dit egter kom by die hermeneutiek, dit wil sê, die wyse van interpretasie en uitleg van die Bybel, sal erken moet word dat daar wel klemverskille binne die GKSA is. ‘n Mens sou dit kon tipeer as ‘skole’ van denke in die GKSA.

Hoewel almal hulle op die Bybel beroep, word die Bybel op verskillende maniere hanteer. In breë trekke lyk dit of hierdie verskillende maniere saamhang met die vraag na die verhouding tussen teks en konteks.

Daar is meer fundamentalistiese denkers wat baie min tereg laat kom van die kontekstuele verklaring van Skrifgedeeltes. Dit blyk onder meer uit die wyse van Skrifverklaring rondom kelkies en/of die beker met nagmaalsbediening en die posisie van die vrou in die Nuwe-Testamentiese kerk. Wat laasgenoemde betref, word vasgesteek by die sogenaamde ‘swygebod’ ten opsigte van die vrou in die gemeente (1 Kor 14:34-35) en Paulus se uitspraak in 1 Tim 2:11-12.

Hierteenoor is daar die meer evangelies-soepel denkers wat die teks in sy konteks verstaan en soek na die skopus van die Skrifgedeelte in die lig van die totale openbaring van God.

Hierdie verskil in benadering tot Skrifverklaring het heelwat vertraging tot gevolg in debatte en besluitneming by sinodes. Om nie sommige lidmate te vervreem nie, word moeilike sake oor sensitiewe onderwerpe dikwels vir verdere studie van sinode na sinode verwys. Dit het tot gevolg dat ‘n saak elke keer vir drie jare aangeskuif word. Dit blyk onder meer daaruit dat die studie oor die plek van die vrou in die kerk nou al meer as ‘n kwarteeu duur. Wat al in 1988 by die sinode deur ‘n studiekommissie aanbeveel is (ná nege jaar se studie), naamlik dat al drie die ampte/dienste “oop en toeganklik” is vir belydende vrouelidmate, is eers 15 jaar later (by vanjaar se sinode) aanvaar (en ook maar net ten dele), te wete dat belydende vroue lidmate tot die diakenamp verkies mag word. Die posisie van die vrou ten opsigte van die ouderling- en predikantsamp is weer vir ‘n verdere drie jaar vertraag deurdat dit weer vir verdere studie verwys is.

Hierdie verskil in Skrifverklaring is menigmaal die rede vir heelwat beswaarskrifte (gravamina) en appèlsake op meerdere vergaderings. Daar is diegene wat selfs meen dat die

verskil in denke die kerklike eenheid bedreig. Die stelreël is: eenheid in die essensiële; mildheid in die middelmatige. In alles: die liefde!

Dit is ‘n mond vol. Oor sekere stellings wat dr Bingle maak, kan ‘n mens nie anders as om (met droefheid!) saam te stem nie. Wie sou ontken dat daar verskillende ‘skole van denke’ in die GKSA is, is voorwaar ‘n vreemdeling in Jerusalem.

Oor ander stellings wat dr Bingle maak, moet daar egter in alle eerlikheid groot vraagtekens geplaas word.

- Dr Bingle noem dat besluite wat die GKSA neem, bo alles in die Skrif gegrond word. Die wyse waarop Sinode 2003 egter oor toelating van die vrou tot die diakenamp besluit het, is alles behalwe in die Skrif gegrond. Inteendeel; die besluit is geneem op sterkte van vermeende onduidelikheid oor die Skrif in hierdie opsig.
- Om lidmate wat op grond van die Skrif ‘n duidelike standpunt oor die gebruik van die beker by die nagmaal en die posisie van die vrou inneem, as ‘meer fundamentalistiese denkers’ te bestempel wat ‘van die kontekstuele verklaring van die Skrif baie min tereg laat kom’ is laakbaar. Gehoorsame luister na Gods Woord is totaal iets anders as fundamentalisme. In terme van dr Bingle se beskrywing van ‘meer fundamentalistiese denkers’ sou Augustinus en Calvyn, Dirk Postma en Totius, tesame met al ons voorvaders in die GKSA, ook as fundamentaliste gebrandmerk moet word. Om te beweer dat gelowiges - wat byvoorbeeld ‘n uitgesproke standpunt oor die gebruik van die beker by die nagmaal inneem - min van die kontekstuele verklaring van die Skrif tereg laat kom, is blatant onwaar. In alle studies oor die beker by die nagmaal asook oor die nie-toelating van die vrou tot die besondere amp word daar juis na die teks binne sy konteks geluister. Dit is immers een van die goue reëls vir eksegeese.
- Om teenoor die sogenaamde fundamentalistiese denkers meer ‘evangelies-soepel’ denkers te stel wat die teks in sy konteks verstaan en na die skopus van ‘n bepaalde Skrifgedeelte in die lig van die totale openbaring van God soek, is ‘n net so skeef getrokke beeld. Voorstanders van die toelating van die vrou tot die besondere amp doen ‘n beroep op sosio-historiese studies; nie op grammaties-historiese eksegeese nie. Tekste word in hulle sosiale konteks van destyds gelees en verstaan, en dan in die huidige konteks ‘oorvertaal’. Dit het met eerbiedige luister na Gods Woord niks te make nie.
- Dr Bingle laat dit voorkom asof Sinode 1988 met waardering na die destydse studiestukke oor die toelating van die vrou tot die besondere amp gekyk het. Die teendeel is waar. Sinode 1988 het hom duidelik teen verkiesbaarheid van die vrou tot die besondere amp uitgespreek (Acta 1988, p 507 vv).
- Ten slotte: kan die mening van sommige - soos dr Bingle sê - dat die verskil in denke die kerklike eenheid bedreig,

weerlê word met die stelreël 'eenheid in die essensiële; mildheid in die middelmatige. In alles: die liefde'? Seer seker nie! Kerklike eenheid rus in die waarheid. Kerklike eenheid het alles te doen met eerbied vir God en vir sy Woord. Waar daardie eerbied ontbreek, is mooi klinkende stelreëls blote retoriek sonder inhoud. Wie trek in elk geval die lyn tussen essensieel en middelmatig? En op grond waarvan?

Artikels soos hierdie bring ons geen tree nader na 'n oplossing vir die 'denkskole'-probleem in die kerke nie. Daar moet waaragtige inkeer tot God kom. Sonder

hartgrondige bekering en 'n passie om Gods Woord in gehoorsaamheid te bestudeer en uit te leef, sal daar nooit van ware eenheid sprake kan wees nie. Dan sal dit selfs gebeur dat daar op 'n stadium nie meer gelykluidend oor Skrifgesag, die aanvaarding van die onfeilbaarheid van die Skrif, die kanoniteit en die organiese inspirasie van die Woord van God, oor die historisiteit van die maagdelike geboorte en die opstanding van Jesus uit die dood gepraat kan word nie. Wie nou onderling oor die 'middelmatige' verskil, gaan mekaar uiteindelik ook nie meer in die 'essensiële' vind nie. Want liefde sonder waarheid kan nie bestaan nie.

Van Wyk en Verhoef

In Die Kerkblad van Julie 2003 tree die redakteur - prof JH van Wyk - in gesprek met prof PA Verhoef, afgetrede teologiese professor van die kweekskool van die NG Kerk in Stellenbosch. Een van die vrae wat prof Van Wyk aan prof Verhoef gestel het, is: Het u vrede daarmee dat 'n vrou mag preek? Sê Paulus dan nie uitdruklik dat sy in die gemeente moet swyg nie?

Waarop prof Verhoef antwoord:

Die uitlegkundige reël is dat 'n uitspraak in die Bybel in sy literêre en kultuurhistoriese konteks gelees moet word. Voor die sondeval was Adam en Eva volkome gelyk, al is Adam eerste geskep. Na die sondeval is hierdie verhouding skeefgetrek, en het dit die kultuursituasie tot in die tyd van die Nuwe Testament bepaal. Die vrou is onderdanig aan die man, en sy mag dus ook nie in die kerk 'n gesagsrol vervul nie. Paulus se uitsprake hou met hierdie kultuur-konteks rekening. Maar Christus se kruisdood en opstanding, saam met die uitstorting van die Heilige Gees, bevry die gelowige mens van die uitwerking van die sondeval in menslike verhoudings en stel hom en haar in staat om hulle besondere gawes voluit in die diens van God se koninkryk en van Christus se kerk te stel. In beginsel het ek dus geen beswaar dat vroue die ampte beklee nie. Daar is wel praktiese oorwegings wat dit vir hulle moeilik maak om terselfdertyd hulle huislike pligte en die veeleisende diens in die kerk te behartig. Die beslissing in hierdie verband berus by die gemeente en by die vrou self.

Br Dawid Breed van Vanderbijlpark reageer soos volg op dié vraag en antwoord:

'n Merkwaardige vraag en uitspraak wat sonder verdere toeligting in die amptelike tydskrif van die GKSA gepubliseer word.

- Is die eerste uitlegkundige reël tog nie dat God aan die woord is nie? Sodoende bepaal "... (Sy) ewigheid ons tydelikheid" (E Kayayan – Die Kerkblad, Julie 2003) en dwing ons tot ootmoed.
- Vanuit bogenoemde ewigheid openbaar die Heilige Gees eers deur Moses dat die mens (Adam) eerste geskape is, en bevestig dieselfde Gees dieselfde skeppings-(volg)orde later deur Paulus ("Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva" - 1 Timoteus 2:13). Sodoende word, "wat op 'n tydstip gebeur het en in

die Skrif aan ons opgedra is, asook die kultuurhistoriese konteks van die betrokke teksgedeelte", nooit losgemaak van die openbaringslyn in sy geheel nie (ibid). Die Skrif ken nie 'n diskontinuiteit van kontekste wat nie met mekaar verband hou nie.

- Prof Verhoef ignoreer die openbaring dat 'Adam eerste gemaak is' – verklarings in die Nuwe Testament sowel as in die Ou Testament. Verklarings sonder enige kultuurhistoriese waarde en verband.
- Paulus se uitspraak ten opsigte van die vrou is tog later gelewer. Die Here Jesus was toe reeds gekruisig, begrawe en opgestaan, die Heilige Gees is reeds uitgestort. Het Paulus dan nou van hierdie belangrike gebeure, en die sogenaamde implikasies daarvan, waarna prof Verhoef verwys, vergeet? Nee! Want dit is dieselfde ewige God wat dit hier openbaar. En wat maak ons moderne 'tydsingenieurs' met hierdie 'diskontinuiteit'? Dit word net eenvoudig nagelaat. Dit pas nie in, in die 'hemel op aarde' wat nou tot stand gebring moet word nie.
- Adam het Eva nie reggehelp nie, en so ook die vloek op homself gebring. Nou 'berus die beslissing op die gemeente en die vrou self' - sonder die enige waarborg van die waarheid. Sy is uitgelewer aan haar eie 'kultuur-in-wording' wat die alreeds van die nog nie van die komende Koninkryk hier en nou moet vervang'.
- Ten slotte: dit is onvanpas om skeefgetrokke verhoudings wat in die heidendom gegeld het, as norm binne die Godsvolk te aanvaar. Die liefdesbeginsel van die ewige God was geldend in die Ou sowel as in die Nuwe Verbond – weliswaar duideliker en helderder geopenbaar namate die Mōrester aan die opkom was (Genesis 2:24, Genesis 24:67, Genesis 29:18, 1 Petrus 3:6).